## ESEGIËL 47: 1 - 12

Die man met die meetstok het my teruggebring na die ingang van die tempel toe. Toe sien ek daar kom water onder die tempel se drumpel uit aan die oos-tekant. Die tempel het oos gekyk. Die water het regs van die tempel weggeloop, suid van die altaar verby. Die man vat my toe by die noordpoort uit en om na die buitenste oospoort toe. Daar syfer die water toe regs langs die poort uit.

Die man het oos gestap en met die maatlyn wat hy by hom gehad het vyf honderd meter afgemeet van die oospoort af. Toe laat hy my deur die water loop. Dit was enkeldiep.

Hy het nog vyfhonderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit was kniediep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit het tot by my heupe gekom.

Toe meet hy nog vyf honderd meter, maar toe was die water 'n stroom waar ek nie kon deur nie. Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie.

Die man sê toe vir my: "Sien jy dit, mens?" Hy laat my toe al langs die stroom terugstap.

Terwyl ek so terugstap, sien ek daar staan groot, hoë bome weerskante op die stroom se wal.

Die man het vir my gesê: "Hierdie water loop weg na die streek oos toe en af na die Jordaanvallei toe waar dit in die Dooie See sal inloop. Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars word.

Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kom, sal alles lewe.

Daar sal vissers langs die Dooie See staan van En-Gedi af tot by En-Eglajim. Dit sal 'n plek wees waar hulle nette droogmaak. Daar sal net soveel soorte vis wees as in die Groot See en net so baie.

Net die water in die moerasse en kuile langs die Dooie See sal nie vars word nie. Hulle moet sout bly.

Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring."

DESIGN A PRINT 021 975 9648

## VROUEBEGELEIDING

Die Vrouebegeleiding wil vroue help om God self te hoor saam met ander vroue. Ons glo dat God mense verander dat ons God hoor as ons luisterend die Bybel lees en dit wat ons hoor met geloofsvriendinne deel.

As vroue só na God luister dan hoor hulle ...

- dat hulle 'n plek het;
- dat hulle gelyk langs ander mag staan;
- dat hulle mense het wat hulle liefhet;
- dat hulle hul volle menswees kan omarm en
- dat God hulle voorberei vir iets groter as hulself.

Om vroue hiermee te help, wil ons groepe skep ...

- waar vroue mekaar lief het;
- aanvaar word en ingenooi word om saam te reis.
- As vroue moet ons meer en meer leer om mekaar in te nooi en langs mekaar loop op hierdie reis.

  Daarom rig ons die geloofsreis, "Vroue met Vlerke", so in dat mense tyd spandeer rondom die Bybel op 'n manier wat hulle persoonlik hoor wat die Gees vir hulle wil sê.

Gemeentes wat begeleiding soek om hierdie geloofsreis op plaaslike vlak te doen, word genooi om kontak te maak met Antoinette Muller deur 'n epos te stuur na: **ngkvroue@sun.ac.za.**

As vroue moet ons meer en meer leer om mekaar in te nooi en langs mekaar te loop op hierdie reis.

## VROUEBEDIENING (CVB) – VGK

Die vrou in diens van Christus en sy kerk.

- Om aktief te wees in die uitbreiding van die Christendom;
- Om die geestelike lewe te bevorder deur heilige Skrifte elke dag te lees of te laat lees, en deur daaglikse gebed;
- Om die hou van gereelde huisgodsdiens aan te moedig en self te beoefen;
- Om vroue tot die getroue bywoning van alle eredienste en bidure aan te spoor;
- Om moeders aan te moedig om hul kinders Christelik op te voed, sodat hulle hul ouers, meerderes en oues van dae sal eer, en 'n Christelike huwelik sal begeer;
- Om gebed te bevorder;
- Om reinheid te bevorder;
- Om die kerk in die bewaring van die skepping te help begelei;
- Om die bediening aan die armes soos deur die Evangelie verlang, uit te voer;
- Om die ontwikkeling van 'n deelgenoot-skap van manne en vroue te bevorder.

Samestelling:

- Alle belydende vrouelidmate is deel van die werksaamhede van die CVB. Waar moontlik sal hulle hulself vrywillig as lede van die CVB beskikbaar stel.

Fokusareas:

- Ekononomiese onreg
- Geweld teen vroue en kinders
- HIV/Vigs

COMMUNITAS

IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEDIENING

# DIENSTE AAN GEMEENTES

(t) 021 8083381

communitas@sun.ac.za

www.communitas.co.za

NG KERK (WES- EN SUID-KAAP)
EN DIE VGKSA (KAAPLAND)

## GEMEENTEBEGELEIDING

Ons begelei gemeentes om deel te word van die drie-enige God se sending om die wêreld heel te maak. Ons glo dat gemeentes God se geskenk is aan die wêreld. Ons begelei gemeentes daarom om geloofsonderskeidend deel te neem aan die inbraak van die Koninkryk van God in hulle gemeenskap.

**Ons het opgeleide begeleiers wat gemeentes begelei in die ...**

- evaluering van die huidige bediening en prosesse van die gemeente;
- analises van die gemeenskap (demografie);
- formulering van 'n Godgefokusde roeping om koers te gee aan die gemeente;
- ontwikkeling van dienslewering aan die gemeenskap;
- ontwikkeling van die bedieninge van die gemeente in die lig van hulle roeping;
- struktuurontwikkeling om die Roeping effektief uit te leef;
- skoling van kerkraadslede en leiers;
- lidmaat- en leierbemagtiging deur opleiding en toerusting; en
- begeleiding in konfliksituasies.

## PREDIKANTE BEGELEIDING

Predikante is dissipels van Jesus Christus wat geroep is om 'n verskil in die wêreld te maak, met die spesifieke opdrag om hul roeping in gemeentes of verwante werksaamhede uit te leef. Predikante moet geloofsonderskeidend leef om self, en saam met ander mense, te kan sien waar God aan die werk is, sodat almal in die beweging van die Gees van God kan speel, werk en leef.

Die "werkplek" van die dominee kan soms baie veeleisend wees en dit vra van die persoon om emosioneel intelligent en geestelik volwasse te wees.

**Ons dienste behels:**

- Sentrum vir Predikante begeleiding.
- Brugpredikante, induksieprosesse en standplaasverwisseling.
- Geloofsvormende en -versterkende retraites en geloofsreise.
- Persoonlike en pastorale gespreks-geleenthede.
- Tyd van verposing en die voorkoming van uitbranding.
- Geleenthede vir die bevestiging en herontdekking van jou roeping.
- Spanbou-geleenthede.
- Begeleiding in die hantering van konflik-situasies.
- Toerusting en vestiging van mentors.

## KINDER-, JEUG- EN FAMILIE BEGELEIDING

Ons glo kinders en jongmense is nie die toekoms van die kerk nie, maar is reeds die kerk – in elke gestalte denkbaar. Generasies wat goed na mekaar luister en saam soek na die wil van die Here kom verder as wanneer almal in homogene groepe apart bedien word. Dié taakspan help gemeentes om maniere te vind om mekaar as gawes te sien en mekaar se teenwoordigheid te geniet.

**Ons dienste behels:**

- Weeklikse materiaal wat gemeentes in staat stel om geïntegreerd vir 'n week met een teksgedeelte besig te wees – van kategese-voorstelle tot kindermomente en preek-riglyne.
- Kinderbediening met 'n volledige program wat kinders in die week bedien tot 'n gestuurde bewustheid.
- 'n Kursus vir ouers om nog ouerskapstyl-opsies te gee om die kind van vandag te begelei tot verantwoordelikheid en selfstandigheid.
- Kategese-metodiek wat van sondagskool 'n inklusiewe proses van geloofsvorming maak.
- Versorging en opleiding van Jeugwerkers.
- Ontwikkeling van nuwe geloofsgemeen-skappe vir die generasie 18-35.
- Begeleiding van jeugbedieninge – om saam te dink en te hoor wat die Here aan die doen is in 'n spesifieke gemeente.

## NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING EN KERKLIKE SAMEWERKING

Ons wil gemeenteleiers begelei om by God se sending na die wêreld betrokke te raak deur, saam

- as familie van kerke;
- nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel.

**Dienste:**

- Motivering van gemeentes en ringe om nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel.
- Gefokusde navorsing oor potensiële ontwikkelingspunte.
- Deurlopende begeleiding en ondersteuning aan nuwe geloofsgemeenskappe.
- Toerustingsmateriaal oor die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe.
- Befondsing van nuwe projekte / geboue te voorsien.

**Hooffokus:**

- Opleiding van persone wat die roeping ontvang het om nuwe geloofsgemeen-skappe te vestig.
- GKS het onder leiding van Ekklesia 'n vennootskap met die "Fresh Expressions" gesluit om die kursus, "Mission Shaped Ministry" (MSM) in SA aan te bied.